

4. VERANTWOORDELIKHEID VAN DIE BOER.

'n Besondere verantwoordelikheid rus ook op die skouers van die boer om hierdie hulp op die mees doeltreffende wyse te benut. Die boerdery het die naam dat hy die ruggraat van die land is. Daardie naam moet behoue bly. Daarom behoort baie van die boere weereens die hand in eie boesem te steek en homself die vraag af te vra:

- "Is my boerderyonderneming op die hoogste vlak van doeltreffendheid?" (Biologies en ekonomies)
- "Is die boerderypraktyke wat ek toepas in lyn met ekonomies gefundeerde wetenskaplike boerdery-metodes?"

- "Die Staat het sy kant gebring in die onderneming. Wat het ek daaromtrent gedoen?"

In die toekoms sal die beginsel van teëprestasie al meer en meer toegepas word by hulpverlening. Hierdie teëprestasie bv. rekordhouding, word ingestel met die doel om u aan te spoor om u doeltreffendheid te verhoog. U moet dit nie sien as nog 'n reeks regulasies om die boer se lewe moeiliker te maak nie.

Kom ons maak dit 'n natuurlike tweerigtingproses tussen die boeregemeenskap en die Tak Landbou terwille van die bevordering van landbou in SWA.

VOORUITBEPLANNING TEEN DIE KWESBAARHEID VAN DROOGTES IN DIE NOORDE

O. ZAPKE

ADMINISTRASIE VIR BLANKES, VOORLIGTINGSKANTOOR,
Posbus 920, Otjiwarongo 9000.

ZUSAMMENFASSUNG

Trockenzeiten kehren wieder. Die Folgen davon können jedoch durch rechtzeitiges und sinnvolles Auftreten erleichtert werden. Es steht außer Zweifel, daß ein Teil einer Dürre durch den Menschen selbst verursacht wird. Diese Tatsache braucht jedoch kein Grund zur Mutlosigkeit zu sein, denn mit der richtigen Einstellung und durch richtige Maßnahmen kann dieser Werdegang umgekehrt werden — dieses ist jedoch ein weiter Weg. Je früher damit begonnen wird, je besser. Falls man sich statt dessen nur weiterquält, kann vorausgesagt werden, daß die nächste Dürre noch härter zuschlagen wird als die vergangene.

Wenn Maßnahmen ergriffen werden sollen, ist es wichtig, daß alle Maßgeblichen Instanzen wie die Behörde, der Farmer, die Landwirtschaftsunion, der Fleischrat usw. sich zusammensetzen und gemeinsam zum Vorteil des gesamten Landes einen Aktionsplan aufstellen.

OPSOMMING

Droogtes sal weer kom. Die uitwerking daarvan kan egter verlig word deur vroegtydige en sinnvolle optrede. Dat 'n deel van die droogte mensgemaak is, kan nie oor getwyfel word nie, dit is egter nie iets om oor moedeloos te word nie want deur die regte gesindheid en optrede, kan hierdie proses omgekeer word — dit sal egter 'n lang pad wees om te loop. Hoe vroeër ons dus hiermee begin hoe beter. Indien egter net voortgeploeter word, kan voorspel word dat die volgende droogte nog erger sal wees as die afgelope een.

Indien besluit word om op te tree is dit egter belangrik dat alle belanghebbende instansies soos die owerhede, die boer, die Landbou-unie, die Vleisraad ens. koppe bymekaar sit en 'n plan van aksie uitwerk tot voordeel van die hele land.

I. INLEIDING

1. DROOGTE

- (a) 'n Reënjaar kan as 'n droogte beskou word wanneer dit aansienlik minder as die langtermyn gemiddelde reën (40—50 % van die gemiddelde) of
- (b) die verdeling van die reënval binne 'n gegewe seisoen van so 'n aard is dat normale produksie van plantmateriaal (gras) nie tot die volle potensiaal kan ontwikkel nie — met ander woorde soos bv. reënbuie van 10 mm en minder wat oor te lang tussenperiodes val.

Dit is egter misleidend om die aard van 'n reënseisoen slegs in terme van gemiddelde en totale reënvalsyfers te meet of in terme van verdeling van buie alleen. Die toestand van die veld met ander woorde die plantsuksessiestadium, plantdigtheid, die lewenskragtigheid van die grasplante, grondtekstuur, mate van bosindringing en die voorkoms van alle vorme van erosie speel 'n geweldige rol by die effektiwiteit van reënval. Dalk kan die verdwyning van die sg. "Kleine Regenzeit" aan die gesamentlike verzwakking van bg. faktore toegeskryf word.

2. DIE EFFEK VAN 'N DROOGTE

In praktiese terme beteken 'n droogte vir die boer dat daar nie genoegsame weimateriaal vir die gegewe aantal beeste in sy besit op die betrokke plaas tot sy beskikking is nie om die volgende reënseisoen te haal. Dit laat twee moontlikhede oop, nl.:

(a) Om die vee by die beskikbare hoeveelheid weiding aan te pas of

(b) Om die tekort aan weiding deur verskeie metodes aan te vul.

Weens die varieërende omstandighede van ligte droogtes tot rampdroogtes sal 'n kompromis tussen bg. twee moontlikhede heelwaarskynlik die aangewese wees.

3. VOORKOMS VAN 'N DROOGTE

Indien 'n mens na die reënvalsiklus van 'n semi-ariëde of ariëde gebied soos SWA kyk, word dit gou duidelik dat goeie reënvaljare met swakkes afgewissel word. So was die reënseisoene van 1895/96, 1910/11, 1919/20, 1929/30, 1933/34, 1944/45, 1961/62, 1972/73 en 1980/81 droogtes wat as rampdroogtes beskou kan word. Die logiese gevolgtrekking hieruit is dus: Die volgende droogte kom beslis!! "Dit is egter eienaardig dat mense 'n doodgewone natuurverskynsel wat elke 10—15 jaar sy verskyning maak as 'n ramp beskou alhoewel dit as 'n bewys daarvoor kan dien dat die mens net nie by ons natuurlike omstandighede kan aanpas nie." (Schneider-Waterberg.) Miskien kan dit verklaar word deur 'n studie wat deur Heathcote in Australië gedoen is en daar tot die volgende gevolgtrekking gekom is: "Part of the explanation lies in a conscious or unconscious refusal to accept drought as a permanent characteristic of Australia." (Droogtehulpskema vir Blanke Boere in SWA). Dit kan heel moontlik ook van inwoners van SWA gesê word.

4. HOUDING TEENOOR DROOGTES

Indien bg. stelling as korrek aanvaar word, nl. dat mense droogtes nie as 'n natuurlike verskynsel wil aanvaar nie, dan moet daar grondliggende redes daarvoor wees. Moontlike verklarings kan die volgende wees:

(a) In vroeëre jare was daar nooit 'n tekort aan weiding nie. As die droogte sy verskyning gemaak het, is daar eenvoudig na beter weivelde getrek. Soos een weidingsbeampte dit gestel het, was daar vroeër 'n tekort aan vroumense en brandewyn maar nooit aan gras nie — vandag blyk die omgekeerde waar te wees.

(b) Met die latere ontwikkeling was daar noodweiding beskikbaar, weer 'n agterdeur om uit die penarie uit te kom.

(c) Droogte word as 'n verskoning gebruik vir die gebrek aan kennis, bestuursvernuif, vooruitbeplanning, vroegtydige optrede ens. Die skuld word eenvoudig op die **droogte** gepak — "Dit moet net reën dan sal alles weer regkom." Dit is seker maar net menslik om foute by ander te soek.

(d) Veldagteruitgang met die gepaardgaande verbossing en verlaging in drakrag is 'n geleidelike proses en indien nie noukeurige waarnemings gemaak word nie kom 'n mens dit nie so maklik agter nie dat toestande in die natuur teen die mens draai. As die droogte eers toeslaan dan is dit te laat.

(e) Ooroptimisme. Om optimisties te wees is sekerlik 'n noodsaaklike vereiste om in SWA as boer te kan bestaan — op die ander kant is ooroptimisme fataal. Hier word veral daaraan gedink aan die optimisme wat bv. gedurende die begin van Maart 1981 geheers het dat dit nog goed sal reën. 'n Boer wat nog oor goeie meerjarige veld beskik, sal nog baat by goeie reëns in Maart, terwyl vir diegene wat net oor eenjarige weiding beskik, die skrif aan die muur behoort te wees! Almal wil dan in April en Mei bemark met die gevolglike ooraanbod, wat die mark net nie kan akkomodeer nie.

(f) Finansiële laste en verpligtings noop die boer om elke jaar **volle** produksie te lewer om sy verpligtinge te kan nakom. Hierdie is veral geldig vir die jonger boere wat gewoonlik hoër belas is. Soms word beeste ook onnodiglik teruggehou weens probleme met inkomstebelasting. Met die huidige hoë voerkoste is dit egter voordeliger om belasting te betaal as om beeste vir oorlewering te voer soos sekerlik menige boer tot sy spyt in 1981 uitgevind het.

(g) Die houding dat gras ten alle koste benut moet word — andersins gaan dit verlore (moontlik ook uit finansiële oorwegings). Die eens populêre idee om die veld eers mak te trap is gelukkig besig om uit te sterf. Daar is ook nie meer baie oor om mak te trap nie.

Dit is egter nie die doel van hierdie artikel nie om alle moontlike oorsake te ondersoek waarom mense droogte as 'n ramp en nie as 'n natuurverskynsel wat hom reëlmatig herhaal, beskou nie.

Bg. moontlike oorsake wat 'n rol kan speel by die aanneem van 'n sekere houding moet egter nie as neerhalende kritiek teenoor die boer beskou word nie, maar eerder as 'n stimulus vir 'n diepgaande selfondersoek. Dieselfde geld sekerlik ook vir die owerhede wat beleid t.o.v. landbousake formuleer en uitvoer. Die tyd om deeglik te beplan vir die volgende droogte vir sowel die boer asook die owerheid is dus nou.

5. WAARSKUWING DEUR DIE NATUUR

Gelukkig vir die mens is die natuur nie so genadeloos om eensklaps toe te slaan met 'n totaal abnormale lae reënjaar nie. Die reënval varieër van jaar tot jaar en dit toon aan hoe bedrieglik 'n gemiddelde reënvalsyfer kan wees. So ontvang bv. die distrik Otjiwarongo tussen 400 mm in die Suidwestelike en 500 mm in die Noordoostelike dele wat maklik 'n prentjie van wuiwende grasvelde en vet beeste voor 'n mens se oë goël. Die werklikheid is egter totaal anders.

"Die reënval varieër naamlik tussen 30% tot 250% van die gemiddelde en die aantal reëndae tussen 25 en 80 per reënseisoen. Die statistiese koëffisient van variasie vir reënval bedra 35%! Gemiddeld is een uit elke twee jaar 'n jaar met 85% of minder, een uit elke drie jare 'n jaar met 65% of minder en een uit elke twaalf jaar 'n jaar met 40% of minder van die gemiddelde reënval. Dit beteken ook dat 'n plaas wat gemiddeld 400 mm reën ontvang, jare met 'n reënval wat tussen 260 mm en 540 mm lê

as normale jare moet aanvaar, en dat so 'n plaas gemiddeld elke tweede jaar 340 mm of minder, elke derde jaar 260 mm of minder en elke twaalfde jaar 160 mm of minder kan verwag." (Schneider-Waterberg.)

Hieruit kan afgelei word dat droër jare redelik gereeld voorkom. Wanneer 'n droë siklus begin, begin dit gewoonlik in die westelike gedeelte van die land waar dit minder as die gemiddelde reën. Hierdie droë area brei dan geleidelik na die ooste en die noorde uit met die verloop van jare. Dit kan dan as die waarskuwingsligte wat begin flits beskou word.

Soos 'n boer uit die Sandveld dit gestel het: "As die Omaruru-boere begin trek dan moet ons in die Sandveld ons beste begin verminder." As hierdie praktyk toegepas word, behoort die verste noordelike en oostelike boere feitlik nooit op 'n verkeerde voet gevang te word nie. Die droogte kom dus nooit eensklaps nie; in baie gevalle word egter die volgende jaar as die beter jaar beskou, wat ongelukkig in die praktyk nie altyd die geval is nie en sodoende word die noodsaaklike, vroegtydige aanpassings van veegetalle vertraag met ramspoedige gevolge vir die veld sowel as die beeste.

II HUIDIGE TOESTAND

1. DRAKRAG

Amptelik het die grootste gedeelte van die noorde 'n drakrag van 8 ha/GVE*. Volgens 'n opname wat deur die Tsumeb-Otavi grondbewaringskomitee gemaak is, is die volgende afleidings gemaak oor die drakragte wat van 1975 tot 1980 gehandhaaf is:

- Die gemiddelde veebelading van die betrokke respondente oor 'n tydperk van 6 jaar was 13,9 ha/GVE.
- Oor die betrokke 6 jaar periode het gemiddeld slegs ongeveer 10% van die respondente 'n veebelading van minder as 9 ha/GVE gehandhaaf.
- Ongeveer 20% van die respondente het 'n veebelading van tussen 9,0 — 10,9 ha/GVE gehandhaaf.
- Ongeveer 25% van die respondente het 'n veebelading van 11,0 — 12,9 ha/GVE gehandhaaf.
- Ongeveer 45% van die respondente het 'n veebelading van 13 ha of meer per GVE gehandhaaf.

Oor die dravermoë is die volgende opinies gelig.

TABEL 1 — Toegepaste drakragte in die Tsumeb/Otavi-omgewing:

DRAKRAGEVALUASIE ha/GVE	BOERE	
	AANTAL	PERSENTASIE
8	4	8
10	7	15
12	7	15
14	4	8
15	14	29
17	2	4
18	3	6
20	6	13
25	1	2
TOTAAL	48	100

Die volgende afleidings word gemaak.

- Slegs 23% van die respondente is die mening toegedaan dat die drakragnorme wat tans geld in die praktyk aanwendbaar is.
- 52% van die respondente evalueer die dravermoë van hulle plase van 12 ha/GVE tot 15 ha/GVE (die gemiddelde veebelading was 13,9 ha/GVE).

Uit bg. blyk dit duidelik dat die amptelike drakragte nie meer relevant is nie. Veral as gereken word dat die jare 1975—1980 as goeie tot redelike reënare beskou kan word. Hierdie feite mag dus nuttig wees wanneer 'n herwaardering van die huidige drakragnorme gemaak word.

2. GRASPRODUKSIE EN KWALITEIT

Met die bosbespuitingsproewe het 'n paar interessante gegewens aan die lig gekom wat aantoon watter geweldige nadelige effek die bosse op grasproduksie het. Die produksie van verskillende proefpersele was een jaar na behandeling die volgende:

TABEL 2 — Grasproduksie na bosbestryding:

	Kontrole (geen bespuiting)	3 l/ha	4,5 l/ha
Eenjarige grasse	169.86 kg/ha	399.49 kg/ha	294.54 kg/ha
Meerjarige grasse	1138.14 kg/ha	2361.62 kg/ha	2422.17 kg/ha
TOTAAL	1308.00 kg/ha	2761.11 kg/ha	3167.85 kg/ha

Uit bostaande is dit duidelik dat die produksie na een jaar feitlik verdubbel het. Dit is dus geen wonder dat die drakrag verlaag het en gevolglik eenvoudig net nie meer soveel vee aangehou kan word as in die verlede nie. Indien dus die ± 8 miljoen ha wat verbos is weer in volle produksie kom, sou baie meer weimateriaal tot beskikking wees. Die bosse beïnvloed blykbaar nie net die produksie as sulks nie maar ook die kwaliteit van die weiding. Met die Hyvar X-proef te Uitkomst is die volgende gevind (slegs enkele grasse wat as goeie grasse beskou word, word genoem):

* Grootvee-eenheid.

TABEL 3 — Verbetering van weiding na bosbestryding:

GRASSOORT	BEHANDELING	
	KONTROLE	HYVAR X
<i>Brachiaria nigropedata</i>	4.7 kg/ha	141.7 kg/ha
<i>Cenchrus ciliaris</i>	2.4 kg/ha	—
<i>Digitaria eriantha</i>	2.4 kg/ha	11.8 kg/ha
<i>Panicum maximum</i>	167.7 kg/ha	1018.2 kg/ha
<i>Urochloa bobodes</i>	87.4 kg/ha	210.3 kg/ha

3. PLAASGROOTTE

Met die verlaging in drakrag en in baie gevalle hoër finansiële laste, is dit duidelik dat plase wat vroeër as ekonomiese eenhede beskou was, dit vandag nie meer is nie. Die finansieringsbeleid by die aankoop of konsolidasie van plase behoort dus by hierdie omstandighede aangepas te word.

4. PRODUKSIESTELSE

Verskillende produksiestelsels stel ook verskillende eise aan die veld. Speenkalf- en tollieproduksie het taamlik populêr geword. Gevolglik is baie meer vroulike diere aangehou. Koeie in produksie stel baie hoër eise aan die veld. Dit word ongelukkig by die berekening van bestokking in baie gevalle nie in aanmerking geneem nie. So 'n koei word slegs as een GVE bereken — in die praktyk is dit egter nie die geval nie. Die plaas word dus oorstok sonder dat die boer daarvan bewus is.

III. BEPLANNING VIR DIE TOEKOMS

Dit is nie die doel van hierdie artikel om 'n gedetailleerde plan voor te lê nie — dit dien slegs as 'n stimulus en daar is seker baie planne en metodes om die uitwerking van 'n rampdroogte teë te werk en te versag. Oplossings kan breedweg in verskillende kategorieë geplaas word, nl. langtermyn en korttermyn, opvoedkundig en deur dwangmaatreeëls, finansiële beleid soos bv. bepaling van ekonomiese eenhede en konsolidasie van on-ekonomiese eenhede ens. Optrede moet basies van die owerhede **en** die boer kom. In hierdie geval is dit logies dat 'n gesonde, sinvolle wisselwerking tussen die twee sukses sal verseker.

A. OPTREDE DEUR DIE OWERHEID

1. OPVOEDKUNDIGE OPTREDE

Deur doelgerigte voorligting moet gepoog word om:

- die boere te oortuig dat die huidige drakrag-norme nie meer relevant is nie en dus as sulks nie meer as riglyn gebruik kan word nie;
- veegetalle vroegtydig by die beskikbare hoeveelheid weiding aan te pas;

(c) die nodige kennis van korrekte weiveldbestuur en korrekte belading te aanvaar en toe te pas (bv. nie enige bees is 'n GVE nie).

(d) Die begrip tuis te bring dat die tyd van noodweiding verby is.

Bg. kan as langtermyn doelstelling beskou word en is ook al tot 'n mate verwesenlik.

2. DISSIPLINÊRE OPTREDE

Ongelukkig is daar in elke gemeenskap sekere individue wat hulle nie wil aanpas by norme nie en waar ooreding onsuksesvol is. Teen hulle sal eenvoudig dissiplinêr opgetree moet word, want te veel het al met moord weggekrom deur nie by die reëls van die spel te hou nie en dan nog aanspraak op staatshulp te maak. Persone wat doelbewus oorstok, kan bv. deur die Afd. Bodembeskerming geïdentifiseer en op 'n sg. "Swartlys" geplaas word. Dit sal beteken dat geen staatshulp toegestaan sal word nie tot tyd en wyl so iemand kan bewys dat hy na die reëls van die spel terugkeer het — soos bv. realistiese bestokking, gesonder weidingsstelsel ens.

3. FINANSIËLE OPTREDE

(a) By die vasstelling van 'n ekonomiese eenheid moet die huidige verlaagde drakrag in aanmerking geneem word. Eenhede wat vroeër as ekonomies beskou is maar vandag nie meer is nie, moet deur doelgerigte kanalisering van lenings gekonsolideer word.

(b) Voersubsidies behoort slegs op die behoud van kernkuddes (vroulike diere) te konsentreer. Vir oortollige vee moet slegs lenings vir 'n beperkte tyd toegestaan word sodat hulle markbaar gemaak en van die veld verwyder word. Sodoende word veldvernieling nie gesubsidieër nie en nie so 'n groot finansiële las op die staat geplaas nie.

(c) Lenings en Subsidies vir die bekamping van bosse moet meer op die areas konsentreer waar verbossing plase al feitlik onproduktief gemaak het. Strategiese oorwegings kan ook hier in aanmerking geneem word.

4. OPBERG VAN VOER

Die land word deurkruis deur duisende kilometers van paaie wat afgekamp is en heelwat voer produseer wat nie benut word nie (of baie skaars). Sulke gras kan deur georganiseerde optrede gesny en geberg word en later teen kosprys aan boere verkoop word. Ook hier speel strategiese oorwegings 'n rol.

5. VERWERKING VAN BOSSE

Redelik onlangs was daar berigte in die pers oor die verwerking van bosse. Blaarafval kan hoogswaar-skyklik na 'n bruikbare voer verwerk word. Hierdie moontlikheid behoort ondersoek en opgevolg te

word. In die begin 1960-er jare is proewe met die voer van Swarthaakmeel gemaak. Moontlik kan die proewe herhaal word maar met die gebruik van Rumensoda. Dalk sal beter resultate behaal word. Dit kan ook met vreetbare bosse (doringloos) herhaal word om oesprobleme te vermy.

6. ORGANISATORIESE OPTREDE

Uit die nood van 1981 is die huidige droogtehelpskema gebore wat in die toekoms glad behoort te werk. Die samewerking met die Vleisraad en agente vir plaaslike fabrieke kan egter verbeter word om gebiede wat as Fase I geklassifiseer word, makliker weg te help met die bemarking van oortollige beeste. In dié opsig kan die Droogtekomitees meer betrek word aangesien hulle goed op hoogte is met die heersende omstandighede in hulle onderskeie distrikte.

B. VOORSORGMATREËLS DEUR DIE BOER

- (a) Handhaaf 'n realistiese bestokking te alle tye.
- (b) Begin vroegtydig te ontlaai as die waarskuwingsligte in die weste begin flits.

- (c) Volg 'n boerderystelsel wat minder kwesbaar is deur droogtes — speenkalfproduksie kan gevaarlik wees en is baie kwesbaar deur droogtes. 'n Koei in produksie is meer as een GVE.
- (d) Waar die potensiaal bestaan (geskikte grond en reënval) kan boere bloubuffelgras aanplant. Dit word gereken dat waar ongeveer 10% van 'n plaas se oppervlakte met hierdie gras beplant kan word, sal die dravermoë van 50—100% verhoog kan word. Daardeur kan die kwesbaarheid teen 'n droogte verminder word.

LITERATUUR:

1. Administrasie vir Blankes: Droogtehelpskema vir Blanke Boere in Suidwes-Afrika (1981).
2. Opname: Otavi-Tsumeb G.B.K. 1981 (ongepubliseerd).
3. Schneider-Waterberg, H.R.: Reënval van die Otjiwarongo Distrik en sy uitwerking op drakrag van plase. (Landbouvoorligting No. 4, 1973).
4. Van Niekerk, J. (weidingsbeampte): Resultate van Bosbespuiting. (Ongepubliseerd.)

VLEISBEESBOERDERY IN SWA VANDAG

J.P. VENTER

DEPARTEMENT LANDBOU EN NATUURBEWARING, LANDBOUNAVORSING,
Privaatsak 13184, Windhoek 9000.



J.P. Venter,
Eerste Landbounavorser.

ZUSAMMENFASSUNG:

1. Die Rindfleischerzeugung in SWA ist im Vergleich zu den bedeutendsten rindfleischproduzierenden Ländern der Welt ein Tropfen auf dem heißen Stein.
2. Die Erzeugung von Rindfleisch in unserem Land ist dennoch ein sehr wichtiges Gewerbe, und alle diesbezüglichen Aspekte müssen gründlich untersucht werden.

3. Rinderfarmer müssen vor allem folgendes bedenken:

- (a) Die Erhaltung eines fruchtbaren Bodens mit einem kräftigen Pflanzenwuchs. Der Boden muß so behandelt werden, daß nicht nur ständig entzogen wird, sondern daß auch zurückgeführt wird (zum Beispiel durch Stärken der Wurzelsysteme), und das besonders in guten Regenjahren, so daß Reserven für Trockenjahre geschaffen werden.
- (b) Die Zucht geeigneter, zweckmäßiger Rinder, welche das vorhandene Futter optimal nutzen können.
- (c) Die Anwendung gesunder, wissenschaftlich fundierter und praxis-erwiesener Wirtschaftsmethoden, um eine optimale Produktion pro Oberflächeneinheit zu erzielen.

- (d) Ein zweckdienlicher und genau geplanter Absatz der erwünschten Ware auf die wirtschaftlichste Art.

4. Der Umfang der Rindfleischerzeugung in SWA und die Kostenstruktur davon ist derart, daß in Übersee kaum ein Markt gefunden werden kann. Daher muß alles erdenklich Mögliche unternommen werden, den südafrikanischen Markt zu erhalten und selbst zu vergrößern.